NUUSBRIEF 25

NEWSLETTER 25

View this email in your browser

NUUS | SAOU | NEWS

NORTHERN CAPE | NOORD-KAAP

Posbus 110156 Hadisonpark 8306 **E-pos: saounk@saou.co.za**

Tel: (053)832 2727 **Faks 053 832 2460**

7 November 2016



1. KORPORATIEWE GESKENKE

Al die geskenke is reeds vanaf ons nasionale kantoor ontvang en is ons tans besig om dit volgens skole te verpak. In die vorige SAOU Noord-Kaap NUUS het ons gesê ons sal vandag 'n lys aanheg van waar skole die geskenk kan gaan oplaai. Let asseblief daarop dat ons Woensdag, 9 November 2016 'n Spesiale NUUS sal uitstuur na elke skool toe wat daardie inligting sal bevat.

Mnr. Hansie Strydom van ons kantoor sal in die week van 14 November 2016 deur die hele provinsie swerf in 'n sirkelroete en die geskenke op strategiese plekke aflaai.

Dis baie belangrik dat u daarop sal let dat indien u nie 'n keuse uitgeoefen het ten opsigte van watter geskenk u wil hê nie, u outomaties 'n lidmaatskap van die SAOU Mall sal kry.

2. INHANDIGING VAN PUNTESTATE EN UITREIK VAN RAPPORTE

Vir baie jare het die NKOD skoolhoofde gemaak glo dat die *''Nasionale Departement vereis dat rapporte voor of op die die laaste dag van 'n kwartaal uitgegee moet word''*. Die SAOU Noord-Kaap kan onomwonde sê dat dit nie nasionale beleid is nie. Ons is saam met die meerderheid lede ook baie bekommerd oor die feit dat sowat 'n maand se onderrigtyd verlore gaan as gevolg van die feit dat die eksamens TEN MISTE sewe dae voor die skool sluit, moet afgehandel word ten einde gehoor te gee aan die opdrag in verband met die rapporte.

Verdermeer plaas die bogenoemde reëling druk op vakonderrig aangesien CAPS sekere bepaalde voorskrifte het tot kurrikulumdekking wat gekoppel is aan tydskale.

Na 'n nasionale meningsopname onder 1700 skole is kennis geneem dat lede van oordeel is dat Hoofstuk 4 van die CAPS dokument verfyn moet word ten einde die assesseringslading meer gefokus te maak en voldoende onderrigtyd om kurrikulumdekking te verseker.

Terwyl ons skoolhoofde adviseer om die NKOD se voorskrifte en beleid na te kom, is dit belangrik dat u sal weet dat beide bogenoemde kwessies op nasionale vlak deur die SAOU se hoof uitvoerende beampte met die DBO bespreek sal word.

3. JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING (ANA)

Dis belangrik dat u sal kennisneem van die volgende vooruitskouings:

1. Dat die tradisionele JNA nie meer sal plaasvind nie.
2. Vanaf 2018 sal 'n stelsel van sistemiese toetsing plaasvind waarvolgens 'n verteenwoordigende steekproef van skole en leerders in Grade 3, 6 en 9 getoets sal word.
3. Hoofstuk 4 van die CAPS dokument sal hersien word ten einde 'n meer realistiese assesseringsbenadering te vestig wat onderrigtyd en gevolglike kwaliteit kurrikulumdekking sal

verseker

4. SALARY ADJUSTMENT 2017

We hereby refer to PSCBC Resolution 8 of 2015 which directs that the salary adjustment effective from 1 April 2017 will be based on the average CPI plus 1%. Please note that the forecasts of the National Treasury shall be used to determine the average projected CPI.

A new set of negotiations for salary adjustment beyond 1 April 2018, will in all probability start in the course of 2017.

5. TIME OFF FOR UNION ACTIVITIES

The SAOU took the issue with regards to time off for union activities for discussions to the Provincial ELRC. The SAOU firmly agrees with this principle, but it frequently happens that the Employer let principals know of agreed upon time off on the very same day that time off is needed – resulting in conflict between principals and union members. Therefor the SAOU Northern Cape asked the Employer via the PELRC to agree on a time-frame to be adhered to by the different unions – obviously inclusive of the SAOU.

However, the Chief Director of Human Recourses at the NCDOE was not prepared to bind the Department by such an agreement but he referred the SAOU to the PAM (2016):

Chapter F.3.1.5.1 states ‘’*Subject to the academic programme not being interrupted, any employee who is a registered member in good standing with a trade union may take reasonable time off during working hours to participate in agreed to trade union activities.”*
Principals should note that ‘’…*agreed to*…’’ implies the written consent of the Employer – the NCDOE.

The Chief Director furthermore said that should an employee asks for time off at very short notice, the principal of a school might insist that the amount of time off must be ‘’worked in’’ on an agreed upon date.

6. AANSTELLINGS UIT DIE VAKANTURELYS 1/2016

Dit blyk dat die oorgroote meerderheid PV1-aanstellings afgehandel is. Volgens die NKOD is daar enkele onderwysers by tegniese en spesiale skole is wie se korrekte salarisskale nog vasgestel moet word vir permanente aanstelling. Verdermeer is die aanduiding dat die aanstellings in bevorderingsposte teen 11 November 2016 bekend gemaak gaan word.

7. ADVERTEER VAN POSTE EN PLAAS VAN CV'S

Ons kantore wil opnuut hierdie diens onder ons lede se aandag bring. Skole wat vakatures het, of lede wat hulle CV;s geplaas wil hê, kan dit na ons kantoor toe stuur via epos en ons sal dit in die provinsie na ons lede versprei. Let asseblief op die volgende:

a) U moet asseblief 100% seker maak dat u die advertensie korrek opstel ten opsigte van die inligting daaarin vervat. Maak seker die grade en vakke is korrek omskryf en bowenal ook die begindatum van aanstelling asook die die duur van die kontrak. Ons kantoorpersoneel redigeer gladnie advertensies en/ of CV's nie - trouens ons maak nie eens dokumente oop nie. *Terwyl ons baie graag help, is dit uiters steurend en tydrowend as ons kort-kort errata van skole ontvang en ons die advertensie weer (en weer) moet versprei.*

b) U kan ook van die SAOU se webwerf gebruik maak om advertensies en / of CV's te plaas. Ons vra beleefd dat u dit self sal doen en nie van ons kantoorpersoneel verwag om dit te doen nie. Die webwerf is uiters toeganklik en baie maklik om te gebruik

VRIENDELIK GROETE

HENK BRAND

*Copyright © *|2016|* *|Suid Afrikaanse Onderwysunie|*, All rights reserved.*

Our mailing address is:
saounk@saou.co.za

Want to change how you receive these emails?
You can update your preferences or unsubscribe from this list